



**CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS**  
**CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS**

*Evangelie van Johannes*

Publikasiereg © Christelike Lektuurfonds,  
Privaatsak X19, Wellington 7654

Kopiereg © Herman Breytenbach

Tensy anders aangedui, kom aanhalings uit die Skrif in hierdie boek  
uit *Die Bybel in Afrikaans* (1953/1933- en 1983-vertaling).

Kopiereg © 1953/1933 en 1983 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.  
Gebruik met toestemming.

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike  
toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur  
enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur  
fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir  
inligtingbewaring of -ontsluiting.

Bladuitleg deur Amanda Carstens  
Omslag deur Mariaan Lock /Amanda Carstens  
Teksvorsing deur Johan Steyn  
Gedruk en gebind deur Print-on-Demand

Eerste uitgawe, eerste druk 2015  
Tweede uitgawe, eerste druk 2016  
Tweede uitgawe, tweede druk 2016

ISBN 978-1-86804-397-2



**Oppedra aan:**

Ek dra hierdie boek op aan my kinders, Marissa, Sybrandt (sr.), Sybrand (jr.) en Clarice; my oudste seun, SJ en sy vrou, Linda; my jongste seun, Jaco, asook my twee dogters, Anje en Inge.

Ek is ontsettend lief vir julle.

My vrou, Annely, my grootste inspirasie en die anker in my lewe.

Jy verstaan die dienende liefde waarvan Johannes praat.

Dankie, my vrou!

Bo alles wil ek dankie sê aan ons hemelse Vader wat my deur die jare gedra, verdra en bygestaan het. Deur die Evangelie van Johannes het ek Hom beter leer ken. Sonder die Here sou my lewe niks werd wees nie. Aan Hom al die eer!



## VOORWOORD

Oor die hele wêreld hoor ons dieselfde oproep: Gelowiges, ja die kerk van Jesus Christus, het ingrypende groei en verdieping dringend nodig!

Herman het die afgelope jare só 'n diepgaande pad met die Here gestap. Met die verskyning van sy boek oor Matteus kon hy glimlaggend getuig hoe die Evangelie van Matteus hom aan die hart gegryp en sy lewe vernuwe het. Dit het ek in sy lewe opgemerk, en daarsonder sou hy nie kon voortgaan om nog 'n boek die lig te laat sien nie.

Dit is dan ook nie anders met die *Evangelie van Johannes* nie.

Die eerste wins van die boek is die herontdekking van wie Jesus werklik is: “Die Een wat lewe is en wat ook lewe gee,” volgens die skrywer. Hy gaan verder en bou die sentrale soteriologiese begrip in die Evangelie – naamlik die ewige lewe – in negentien preke en negentien tekens uit. Hiermee help hy ons as gelowiges om in ons geloof te groei en dit verder te verdiep. Hy help ons om in 'n intiemer verhouding met Jesus te leef en die vreugde, asook vernuwing, in ons lewe te (her)ontdek. Dit is presies wat die navolging van Jesus beteken en wat die verskil in die kerk en in die wêreld sal maak.

Die tweede wins is 'n deeglike en eerlike soeke na die destydse konteks en betekenis daarvan. Herman, as teoloog, slaag daarin om die bedoeling van die Johannes-evangelie in vandag se konteks te vertaal en dit in maklik verstaanbare Afrikaans.

Die verpakking van die inhoud gaan geestelike leiers en groepe help om sinvol deur hierdie besondere Evangelie te werk. Ek is baie dankbaar vir hierdie boek en opgewonde om te hoor hoe mense se lewe deur Jesus verander gaan word . . . Want dit is 'n geloofsreis die wat ons motiveer om te glo, en te bly glo! Mag jy die skrywer se opsomming van Johannes ter harte neem en enduit op jou geloofsreis volhard:

“Johannes wou aan ons verduidelik dat God, die Vader, sy Seun ‘van Bo’ gestuur het as ambassadeur na die wêreld ‘van Onder’, en Hy sou die wêreld oortuig dat Jesus die lewende water; brood; lig; ingang; goeie herder; weg, waarheid en ewige lewe; en wingerdstok is.”

**Dr Anton Fick: Leierleraar NG Gemeente Constantia-Kruin (2016)**

# VOORWOORD

As jy 'n pad van geestelike verdieping wil aanpak, is hierdie boek jou ideale metgesel. Herman Breytenbach begelei jou nie alleen deur die groot hoofpaai van die Johannes-evangelie nie, maar laat jou ook by die mooiste uitkykpunte in die Evangelie stop.

'n Ou kerkvader het honderde jare gelede gesê die Johannes-evangelie is soos 'n poel water waarin die baba kan sit en spat, maar waarin 'n olifant kan verdrink. Dit is seker die lekkerste boek in die Bybel om te lees, want dit lyk so eenvoudig. God het ons so lief dat Hy sy Seun gestuur het om vir ons die ewige lewe te bring; of, elkeen wat in Jesus glo, is gered; of, niemand sal die gelowige uit die hand van Jesus of sy Vader kan ruk nie.

Deur die gebruik van tekens en preke skets hy nie alleen die hooftrekke nie, maar verduidelik hy ook die fyner besonderhede wat saak maak – alles om jou te help om Johannes in diepte te verstaan. En dit is nie al nie – sy konsep van “Ek is” en die gebruik van tekens en preke maak die boek duidelik en prakties; dit is ook vol vrae wat jou sal help om na te dink oor die boodskap, én om die boodskap op jou lewe toe te pas.

As jy egter bietjie gaan sit en nadink, word die boodskap ál dieper en dieper, veral as jy die Evangelie soos een groot storie lees. Dit verteenwoordig God se verhaal met jǒu, en daarom kan dit nie anders as om groots te wees nie. So sal jy Jesus se “Ek is”-dieptes in hierdie verhaal ontdek wat jou op 'n geestelike pad sal lei wat jy jou nie kon voorstel nie. Jy leer die Seun van God ken as die Koning wat vir jou kom sterf het; as die Seun wat vir jou presies kan vertel hoe lief sy Vader jou het en wat jou deel van God se familie kan maak sodat jy sy vrede elke dag kan ervaar. En somer nog baie meer.

Die boodskap van Johannes in hierdie boek kan nie anders as om uiteindelik deel van jou geestelike ervaring te word nie. Droë Bybelstudie is dit nie – dit is 'n geestelike verdiepingstog wat jou van die plas van die baba sal begelei tot by die olifant wat in die dieptes van die boodskap van Johannes wegsak.

**Prof Jan van der Watt: Professor in Nuwe Testament aan die Universiteit Radbouden in Nijmegen (2016)**

# INHOUD

<b>Voorwoord</b> .....	v
<b>Voorwoord</b> .....	vi
<b>Inleiding</b> .....	xiv
<b>'n Praktiese uitbeelding van die Evangelie van Johannes in die natuur</b>	
• Metafore	
• Sewe wonders en sewe preke	
• Negentien preke en negentien tekens	
• Indeling volgens hoofstukke	
• Dualisme	
• Die beelde in die Evangelie van Johannes wat ons help om die betekenis van die Evangelie beter te verstaan	
• Skrywer en die doel van sy skrywe	
• Die boodskap van die Evangelie van Johannes	
<b>Johannes 1</b> .....	3
<b>Preek:</b> Johannes se Kersverhaal begin deur te sê die Woord het vlees geword, oftewel Jesus het mens geword (Joh 1:1-18)	
• Agtergrond	
• Die boodskap van Johannes se Kersverhaal	
<b>Johannes 2</b> .....	12
<b>Teken:</b> Water word in wyn verander – 'n vrolike bruilof met wyn word gehou in die klein dorpie Kana (Joh 2:1-12)	
• Agtergrond	
• Die boodskap van die vrolike bruilof in Kana	
<b>Teken:</b> Jesus maak met die agterkant van 'n besem die tempel skoon (Joh 2:13-22)	

- Agtergrond
- Die boodskap van die tempel is 'n nuutmaakproses

### **Johannes 3** ..... 22

**Preek:** Jesus gee nuwe lewe – hoe 'n mens 'n kind van God word (Joh 3:1-21)

- Agtergrond
- Die boodskap van Nikodemus wat toe 'n kind van God geword het – al was hy daarna 'n geheime dissipel
- Slot: gelowiges en kerk van Jesus Christus

**Preek:** Johannes die Doper getuig van Jesus as die Seun van God wat van bo gekom het (Joh 3:22-36)

- Agtergrond

### **Johannes 4** ..... 32

**Preek:** Jesus verander 'n prostituut van die dorpie Sigar – nog 'n preek oor nuwe lewe wat ook vir hierdie vrou aanbreek (Joh 4:1-42)

- Agtergrond
- Die boodskap van nuwe lewe nadat Jesus die vrou ontmoet het

**Teken:** Die genesing van 'n linksgesinde leier se seun – nog 'n preek oor nuwe lewe aan 'n heiden (Joh 4:43-54)

- Agtergrond
- 'n Boodskap van geloof aan hierdie leier

### **Johannes 5** ..... 38

**Teken:** Die genesing van die verlamde man (Joh 5:1-17)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus maak mense nuut (Joh 5:18-47)

- Jesus is die Seun van God
- Die Seun maak lewend – drie beskuldigings teen Jesus (Joh 5:18-29)
- Jesus sê Hy tree nie onafhanklik van sy Vader op nie maar is eerder in 'n intieme verhouding



- Vyfvoudige getuienis oor Jesus (Joh 5:30-47)
- Die ambags- en die ambassadeursbeeld

**Johannes 6.** ..... 41

**Teken:** Die “bakkery” wat met een koppie meel duisende brode gebak het (Joh 6:1-15)

- Agtergrond

**Preek:** Die vermeerdering van die brood (Joh 6:1-15)

- Agtergrond

**Teken:** Jesus loop op die water (Joh 6:16-21)

- Agtergrond

**Preek:** Die boodskap van Jesus wat op die water loop en die vermeerdering van die brood

- Die boodskap van Jesus wat op die water loop
- Brood uit die hemel (Joh 6:22-40)
- Die boodskap van die vermeerdering van die brood
- Die Jode verstaan nie Jesus se woorde nie (Joh 6:41-59)
- Die uitnodiging (Joh 6:41-59)
- Die boodskap (Joh 60-71)

**Johannes 7** ..... 52

**Preek:** Jesus is God se Gestuurde (Joh 7:1-52)

- Die ongeloof van Jesus se broers (Joh 7:1-9)
- Jesus leer die mense by die Loofhuttefees (Joh 7:10-52)
- Die boodskap

**Johannes 8** ..... 57

**Preek:** Jesus vergewe ’n slegte vrou (Joh 8:1-11)

- Die vrou wat op owerspel betrap is (Joh 8:1-11)
- Die boodskap – wat die hoof van die kerk met die vrou gemaak het

**Preek:** Jesus is God se ambassadeur (Joh 8:12-59)

- God die Vader getuig ook oor Jesus (Joh 8:12-20)
- Die Jode ken Jesus ook nie (Joh 8:21-30)

**Johannes 9** ..... 62

**Teken:** Jesus genees 'n man wat blind gebore is (Joh 9:1-41)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus genees geestelik blindes (Joh 9:35-41)

- Die boodskap van die blindgeborene (Joh 9:35-41)
- Kyk weer

**Johannes 10** ..... 68

**Preek:** Jesus is die ingang én die goeie herder (Joh 10:1-42)

- Agtergrond
- Die boodskap

**Johannes 11** ..... 75

**Teken:** Die opwekking van Lasarus uit die dood (Joh 11:1-44)

- Agtergrond
- Die boodskap van Lasarus se opwekking uit die dood

**Johannes 12** ..... 82

**Teken:** Maria salf Jesus in die dorpie Betanië (Joh 12:1-8)

- Agtergrond

**Teken:** Die intog in Jerusalem – allermens 'n straatbetoging (Joh 12:12-19)

- Agtergrond:
- Jesus se verheerliking – 'n aantal Grieke wil Jesus sien (Joh 12:20-36)
- Die invloed van die kerkleiers

**Johannes 13** ..... 89

**Teken:** Jesus was die dissipels se voete (Joh 13:1-5)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus betoon naasteliefde (Joh 13:6-35)

- Die boodskap van die was van die voete (Joh 13:6-17)
- Jesus wys sy verraaier aan (Joh 13:18-30)
- Die nuwe gebod – julle moet mekaar liefhê (Joh 13:31-35)
- Jesus voorspel Petrus se verloëning (Joh 13:36-38)

**Johannes 14** ..... 102

**Preek:** Jesus gee die Heilige Gees as helper (Joh 14:1-31)

- Die belofte van die hemelse woonplek en gebed (Joh 14:1-14)
- Die belofte van die Voorspraak of spesiale helper wat ons sal bystaan (Joh 14:15-17)
- Die belofte dat Jesus weer sal kom (Joh 14:18-24)
- Die Voorspraak sal die regte insigte bring (Joh 14:25-26)
- Die boodskap van Johannes (Joh 14:27-31)

**Johannes 15** ..... 111

**Teken:** Jesus is die ware wingerdstok (Joh 15:1-8)

- Agtergrond en boodskap

**Preek:** Jesus verwag naasteliefde (Joh 15:9-27)

- Die opdrag om in liefde teenoor mekaar op te tree (Joh 15:9-17)
- Die verskil tussen wêreldling en dissipel (Joh 15:18-27)

**Johannes 16** ..... 117

**Preek:** Die Voorspraak se hulp aan gelowiges (Joh 16:1-33)

- Die wêreld sal julle haat (Joh 16:1-4)
- Die Voorspraak en die wêreld (Joh 16:5-11)
- Die Voorspraak en die gemeente (Joh 16:12-15)
- Die droefheid is van korte duur maar die blydschap blywend (Joh 16:16-24)
- Die oorwinning is verseker (Joh 16:25-33)

**Johannes 17** ..... 122

**Preek:** Die hoëpriesterlike gebede (Joh 17:1-26)

- Die gebed vir die verheerliking van die Seun (Joh 17:1-5)
- Die gebed vir die bewaring van die dissipels (Joh 17:6-19)
- Die gebed vir die eenheid van die gemeente (Joh 17:20-23)
- Die gebed vir die verheerliking van die gemeente (Joh 17:24-26)

**Johannes 18** ..... 128

**Teken:** Jesus erken dat Hy Jesus van Nasaret is (Joh 18:1-21)

- Agtergrond
- Die verraad en gevangeneeming (Joh 18:1-11)
- Jesus voor die hoëpriester (Joh 18:12-14)
- Petrus verloën Jesus die eerste keer (Joh 18:15-18)
- Die hoëpriester ondervra Jesus (Joh 18:19-24)
- Petrus verloën Jesus die tweede en die derde keer (Joh 18:25-27)
- Jesus word aan Pilatus oorgelewer (Joh 18:28-32)
- Die verhoor voor Pilatus begin (Joh 18:33-38a)
- Die boodskap van hierdie gedeelte
- Die Jode kies Barabbas (Joh 18:38b-40)

**Johannes 19** ..... 140

**Teken:** Jesus se laaste teken dat Hy die wêreld liefhet (Joh 19:1-42)

- Jesus word gesel, bespot en deur die Jode verwerp (Joh 19:1-7)
- Die verhoor voor Pilatus word hervat (Joh 19:8-12)
- Jesus word veroordeel (Joh 19:13-16)
- Die kruisiging, sterwe en neerlê in die graf (Joh 19:17-42)
- Die boodskap van die kruis (Joh 19:17-27)
- Jesus sterf (Joh 19:28-30)
- Die spies in Jesus se sy gesteek (Joh 19:31-37)
- Jesus word in die graf neergelê (Joh 19:38-42)

**Johannes 20** ..... 150

**Teken:** Jesus se opstanding as laaste teken (Joh 20:1-31)

- Maria Magdalena, Johannes en Petrus (Joh 20:1-10)

**Preek:** Die boodskap van Jesus se opstanding (Joh 20:11-31)

- Die boodskap

**Teken:** Die verskyning aan Maria Magdalena (Joh 20:11-18)

- Agtergrond

**Teken:** Die verskyning aan die dissipels (Joh 20:19-25)

- Agtergrond

**Teken:** Jesus verskyn spesiaal aan Tomas (Joh 20:26-29)

- Agtergrond
- Die boodskap van die Evangelie van Johannes (Joh 20:30-31)

**Johannes 21** ..... 159

Die laaste verskyning van Jesus, en die slotwoorde

**Teken:** Jesus verskyn weer aan die dissipels by die See van Tiberias (Joh 21:1-14)

- Agtergrond

**Preek:** Petrus, Johannes en die slot (Joh 21:15-25)

- Jesus herstel Petrus in sy amp as dissipel (Joh 21:15-19)
- Jesus en die dissipel vir wie Jesus baie lief was (Joh 21:20-23)
- Slot (Joh 21:24-25)

**Kom ons dink na oor wat ons gelees het**

**Bronnelys**

# INLEIDING

Die Evangelie van Johannes lê my baie na aan die hart. Dit is 'n wonderlike Evangelie wat my telkens aanspoor om te glo en my motiveer om te bly glo. Ek hoop en bid dat elkeen wat hierdie boek lees, geestelik verryk sal word.

## Hoe om hierdie boek te gebruik

Jy moet die boek lees sonder om daarvoor te wil fit, en met 'n oop gemoed sodat jou verhouding met die Here kan verinnig.

- Lees eers die aanbevole teksgedeelte in jou Bybel.
- Daarna die kommentaar van die teksgedeelte.
- Dan die boodskap onderaan elke gedeelte, en probeer dit jou eie maak. Die boodskap moet ons tog leer en aanspreek, want daardeur word ons verhouding met God en ons naaste beter.

Dié boek kan sinvol gebruik word vir jou eie of die sel se geestelike groei; of selfs die gemeente s'n. Hoe werk dit?

- In Johannes 1 moet jy eenvoudig tot klaarheid kom oor die feit dat Jesus mens geword, onder ons kom woon en vir ons sondes kom sterf het, en wat dit vir jou persoonlik beteken.
- In Johannes 2 sien ons dat Jesus *vreugde en vernuwing* kom bewerkstellig het. Vra jouself dan af: “Ervaar ek dit?” of: “Ontbreek daar nog iets in my lewe?” Nog 'n vraag is: “Hoe sien jy die kerk of die gemeente waar jy aanbid?” Dink jy dat ons nog kerk toe gaan om die Here te aanbid, of het die kerk vir jou 'n Spar geword waar jy soek wat om volgens jou smaak te koop?
- In Johannes 3 gaan dit oor God wat jou nuut wil maak.
- In Johannes 4 gaan dit oor die Samaritaanse vrou wat hoegenaamd nie *genade* verdien nie, maar dit tog ontvang en 'n wonderlike *getuie* word in haar tuisdorp, Sigar.
- In Johannes 5 genes Jesus die man van Betesda wat al 38 jaar verlam was. So openbaar Hy Homself as dié een wat lewend en gesond maak.

- In Johannes 6 gaan dit oor Jesus wat die brood is wat jou geestelike honger stil.
- In Johannes 7 is Jesus die *lewende water*, soos ook in Johannes 4, wat ons ewige dors les.
- In Johannes 8 stel die kerkleiers vir 'n vrou 'n strik om Jesus in 'n lokval te lei. Meesterlik wys Jesus hulle daarop dat die een wat 'n skoon gewete het, die eerste klip moet gooi.
- In Johannes 9 is Jesus die een wat blinde mense laat sien en ons lei om in die geloof te kan sien.
- In Johannes 10 is Jesus die herder vir ons as verlore en verdwaalde skape. Hy lei ons.
- In Johannes 11 wek Jesus vir Lasarus uit die dood op, en daarmee bewys Hy dat Hy mag het oor die lewe en die dood. Daarom sê Johannes: “Hy is die lewe.”
- In Johannes 12 word Jesus, sonder dat sy dissipels dit besef, deur Maria gesalf vir sy dood.
- In Johannes 13 was Jesus nie net die dissipels se voete as teken van naasteliefde en naastediens nie, maar word Hy self gesalf vir sy naderende dood aan die kruis.
- In Johannes 14 gee Jesus aan ons die Heilige Gees, wat ons sal oortuig van God se werk. Hy sal ons help om te glo, en verder help om aan te hou glo.
- In Johannes 15 word ons daarop gewys dat in ons daaglikse geloofslewe gaan dit met ons soos die wingerdstok en die lote. Wie in Jesus “ingeplant” bly, groei en dra vrug.
- In Johannes 16 word die Heilige Gees aan ons bekend gestel as die Een wat die geloof in ons harte sal indra en ons sal help met ons wankelende geloof. Hy sal die “kierie” wees wat ons ondersteun.
- In Johannes 17 het ons te make met Jesus se hoëpriesterlike gebede.
- In Johannes 18 lees ons van die verraad, Petrus se verloëning en Jesus wat oorgelewer word aan Pontius Pilatus. In hierdie gedeelte bely Jesus dat Hy Jesus van Nasaret is.

- In Johannes 19 word Jesus se kruisiging beskryf, asook Jesus in die graf.
- In Johannes 20 word vertel van Jesus se opstanding, en dat Hy spesiaal aan Tomas verskyn.
- In Johannes 21 herstel Jesus Petrus in sy amp as apostel.
- ’n Praktiese uitbeelding van die Evangelie van Johannes in die natuur

## Metafore

Dit is nie toevallig dat Johannes sewe beelde, of metafore, gebruik nie. Bultmann en Smelik sien in die “Ek is”-formules dinge raak soos prestasie, kwalifikasie, identifikasie en herkenning (Bultmann 1971: 220; Smelik 1973: 221). Ek maak van hierdie spesifieke manier gebruik om die “Ek is”-formules neer te skryf omdat ek dit sien as ’n vervulling van God toe Hy met Moses uit die brandende braambos (*Acacia debovata*) gepraat het. Toe Moses vir God vra wat hy vir die mense moet sê as hulle hom vra wie hom na hulle gestuur het, het God geantwoord: Sê vir die mense “Ek is” (Eks 3:14). God kan jy nie vasvat of in ’n paar woorde beskryf nie. God “is” daar, “was” daar en “sal altyd” daar wees. In Jesus het Hy ons bloot iets van Homself kom wys.

In die Evangelie van Johannes kry ons kronologies die volgende sewe metafore of beelde:

- Ek is die lewende water (Joh 4:7)
- Ek is die brood (Joh 6:35, 41, 48, 51)
- Ek is die lig (Joh 9:5; 12:46)
- Ek is die ingang (Joh 10:7, 9)
- Ek is die goeie herder (Joh 10:11, 14)
- Ek is die weg, die waarheid en die lewe (Joh 14:6)
- Ek is die wingerdstok (Joh 15:1, 5)





*'n Foto van die bosveld om jou verbeelding oor Johannes te prikkel. My kinders, SJ en Linda, loop die lewenspad in die geloof. In hulle geheue is ingeprent dat Jesus die water en die brood sal voorsien vir die lewensreis, al lyk die pad hoe steil. Hulle glo dat Jesus hulle sal begelei na die lig die ewigheid binne.*

Deur hierdie sewe metafore vertel Johannes aan ons wat Jesus vir ons as sy kerk beteken. Jesus is die Een wat lewe is en wat lewe gee.

In die Evangelie van Johannes sal jy nie net die “Ek is”-beelde raaklees nie, maar ook sewe wonders en sewe preke opmerk.

Jan van der Watt, professor in teologie, voorheen van die Universiteit van Pretoria en tans professor in Nijmegen, is waarskynlik die voorste kenner ter wêreld van die Evangelie van Johannes. Hy is ook die persoon wat my lief gemaak het vir dié Evangelie sonder dat hy dit geweet het. Hy het die Evangelie van Johannes in sewe wonders en sewe preke ingedeel. Ek beskryf hulle hieronder sodat jy daarvoor sal uitkyk terwyl jy dié wonderlike Evangelie lees.

## Die sewe wonders en die sewe preke

- *Teken:* 2:1-12 – Water in wyn
- Preek: 3:4-42 – Jesus gee nuwe lewe
- *Teken:* 5:1-13 – Genesing op die sabbat
- Preek: 5:1-14 e.v. – Jesus is die Seun van God
- *Teken:* 6:1-21 – Vermeerdering van die brood
- Preek: 6:22 e.v. – Jesus is die brood van die lewe
- *Teken:* 9 – Jesus maak die blinde gesond
- Preek: 8 – ’n Mens tree op volgens jou herkoms
- *Teken:* 11 – Lasarus word opgewek
- Preek: 10 – Jesus sorg vir sy skape
- *Teken:* 20:1-11 – Die leë graf
- Preek: 20:11-25 – Jesus is die opstanding en die lewe
- *Teken:* 21:4-14 – Die groot visvangs
- Preek: 21:15 e.v. – Petrus moet die kerk versorg

## Negentien preke en negentien tekens

Ek deel Jan van der Watt se sewe preke en sewe tekens in meer preke en tekens in. Die rede is dat ek in elke optrede van Jesus ’n teken sien; die boodskap voor of ná die teken is ’n preek.

- Preek: 1:1-18 – Jesus word mens
- *Teken:* 2:1-12 – Jesus verander water in wyn
- *Teken:* 2:13-22 – Jesus reinig die tempel
- Preek: 3:1-21 – Jesus gee nuwe lewe
- Preek: 3:1-21 – Johannes getuig van Jesus
- Preek: 4:1-42 – Jesus verander ’n prostituut
- *Teken:* 4:43-54 – Jesus genees ’n seun

- *Teken:* 5:1-17 – Jesus genees ’n verlamde man
- Preek: 5:18-29 – Jesus maak mense nuut
- *Teken:* 6:1-15 – Jesus vermeerder brood
- Preek: 6:1-15 – Vermeerdering van die brood
- *Teken:* 6:16-21 – Jesus loop op die water
- Preek: 6:22-71 – Jesus is die brood
- Preek: 7:1-52 – Jesus is God se Gestuurde
- Preek: 8:1-11 – Jesus vergewe ’n slegte vrou
- Preek: 8:12-59 – Jesus is God se ambassadeur
- *Teken:* 9:1-12 – Jesus genees ’n blinde man
- Preek: 9:35-41 – Jesus genees geestelik blindes
- Preek: 10:1-42 – Jesus is die ingang en die goeie herder
- *Teken:* 11:1-44 – Jesus wek Lasarus op uit die dood
- *Teken:* 12:1-8 – Jesus word gesalf vir sy dood
- *Teken:* 12:12-19 – Jesus ry Jerusalem binne
- *Teken:* 13:1-5 – Jesus was sy dissipels se voete
- Preek: 13:6-38 – Jesus betoon naasteliefde
- Preek: 14:1-31 – Jesus gee die Heilige Gees as helper
- *Teken:* 15:1-8 – Jesus is die ware wingerdstok
- Preek: 15:9-27 – Jesus verwag naasteliefde
- Preek: 16:1-33 – Jesus gee die Gees as oorreder
- Preek: 17:1-26 – Jesus se gebede
- *Teken:* 18:1-40 – Jesus erken dat Hy Jesus van Nasaret is
- *Teken:* 19:1-42 – Jesus het die wêreld lief
- *Teken:* 20:1-10 – Opstanding as finale teken
- Preek: 20:1-10 – Boodskap van die opstanding
- *Teken:* 20:11-18 – Jesus verskyn aan Maria

- *Teken: 20:19-25* – Jesus verskyn aan die dissipels
- *Teken: 20:26-31* – Jesus verskyn spesiaal aan Tomas
- *Teken: 21:1-14* – Jesus verskyn weer aan die dissipels
- *Preek: 21:15-19* – Jesus herstel Petrus in sy amp

Hieruit kan ons aflei dat Johannes deur middel van preke (negentien keer) en tekens (negentien keer) sy boodskap oor geloof in Jesus wou oordra. Hoewel ons ’n paar keer die ritme kry van preek (een keer) en tekens (drie keer) asook preek (een keer) en teken (een keer) is dit nie ’n duidelike of vaste patroon nie, en ’n mens sal te veel in die teks inlees om ’n spesifieke afleiding daaruit te maak. Selfs dat Johannes sy Evangelie begin met ’n preek en dit eindig met ’n preek is nie ’n wetenskaplike benadering nie omdat Johannes 21 ’n latere toevoeging is.

By elke skrifgedeelte waar ’n teken en ’n preek voorkom, dui ek dit aan, sowel as die sewe “Ek is”-gedeeltes.

## Indeling volgens hoofstukke

### **Johannes 1**

**Preek:** Johannes begin sy Kersverhaal deur te sê die Woord het vlees geword, oftewel Jesus het mens geword (Joh 1:1-18).

- Agtergrond
- Die boodskap van Johannes se Kersverhaal

### **Johannes 2**

**Teken:** Water word in wyn verander – ’n vrolike bruilof met wyn word gehou in die klein dorpie Kana (Joh 2:1-12)

- Agtergrond
- Die boodskap van die vrolike bruilof in Kana

**Teken:** Jesus maak met die agterkant van ’n besem die tempel skoon (Joh 2:13-22)

- Agtergrond
- Die boodskap van die tempel is ’n nuutmaakproses

## Johannes 3

**Preek:** Jesus gee nuwe lewe – hoe ’n mens ’n kind van God word  
(Joh 3:1-21)

- Agtergrond
- Die boodskap van Nikodemus wat toe ’n kind van God geword het – al was hy daarna ’n geheime dissipel
- Slot: gelowiges en kerk van Jesus Christus

**Preek:** Johannes die Doper getuig van Jesus as die Seun van God wat van bo gekom het (Joh 3:22-36)

- Agtergrond

## Johannes 4

DIE EERSTE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE LEWENDE WATER (JOH 4:7)

**Preek:** Jesus verander ’n prostituut van die dorpie Sigar – nog ’n preek oor nuwe lewe wat ook vir hierdie vrou aanbreek (Joh 4:1-42)

- Agtergrond
  - Die boodskap van nuwe lewe nadat Jesus die vrou ontmoet het
- Teken:** Die genesing van ’n linksgesinde leier se seun – nog ’n preek oor nuwe lewe aan ’n heiden (Joh 4:43-54)

- Agtergrond
- ’n Boodskap van geloof aan hierdie leier

## Johannes 5

**Teken:** Die genesing van die verlamde man (Joh 5:1-17)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus maak mense nuut (Joh 5:18-47)

- Jesus is die Seun van God
- Die Seun maak lewend – drie beskuldigings teen Jesus (Joh 5:18-29)
- Jesus sê Hy tree nie onafhanklik van sy Vader op nie maar is eerder in ’n intieme verhouding
- Vyfvoudige getuienis oor Jesus (Joh 5:30-47)
- Die ambags- en die ambassadeursbeeld

## Johannes 6

DIE TWEEDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE BROOD VAN DIE LEWE

(Joh 6:35, 41, 48, 51)

**Teken:** Die “bakkery” wat met een koppie meel duisende brode gebak het (Joh 6:1-15)

- Agtergrond

**Preek:** Die vermeerdering van die brood (Joh 6:1-15)

- Agtergrond

**Teken:** Jesus loop op die water (Joh 6:16-21)

- Agtergrond

**Preek:** Die boodskap van Jesus wat op die water loop en die vermeerdering van die brood

- Die boodskap van Jesus wat op die water loop (Joh 6:16-21)
- Brood uit die hemel (Joh 6:22-40)
- Die boodskap van die vermeerdering van die brood
- Die Jode verstaan nie Jesus se woorde nie (Joh 6:41-59)
- Die uitnodiging (Joh 6:41-59)
- Die boodskap (Joh 6:60-71)

## Johannes 7

**Preek:** Jesus is God se Gestuurde (Joh 7:1-52)

- Die ongeloof van Jesus se broers (Joh 7:1-9)
- Jesus leer die mense by die Loofhuttefees (Joh 7:10-52)
- Die boodskap

## Johannes 8

**Preek:** Jesus vergewe ’n slegte vrou (Joh 8:1-11)

- Die vrou wat op owerspel betrap is (Joh 8:1-11)
- Die boodskap – wat die hoof van die kerk met die vrou gemaak het

**Preek:** Jesus is God se ambassadeur (Joh 8:12-59)

- God die Vader getuig ook vir Jesus (Joh 8:12-20)
- Die Jode ken Jesus ook nie (Joh 8:21-30)

## Johannes 9

DIE DERDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE LIG (JOH 9:5; 12:46)

**Teken:** Jesus genees ’n man wat blind gebore is (Joh 9:1-41)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus genees geestelik blindes (Joh 9:35-41)

- Die boodskap van die blindgeborene (Joh 9:35-41)
- Kyk weer

## Johannes 10

DIE VIERDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE INGANG (JOH 10:7, 9)

DIE VYFDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE GOEIE HERDER (JOH 10:11, 14)

**Preek:** Jesus is die ingang én die goeie herder (Joh 10:1-42)

- Agtergrond
- Die boodskap

## Johannes 11

**Teken:** Die opwekking van Lasarus uit die dood (Joh 11:1-44)

- Agtergrond
- Die boodskap van Lasarus se opwekking uit die dood

## Johannes 12

**Teken:** Maria salf Jesus in die dorpie Betanië (Joh 12:1-8)

- Agtergrond

**Teken:** Die intog in Jerusalem – allermins ’n straatbetoging (Joh 12:12-19)

- Agtergrond
- Jesus se verheerliking – ’n aantal Grieke wil Jesus sien (Joh 12:20-36)
- Die invloed van die kerkleiers

## Johannes 13

**Teken:** Jesus was die dissipels se voete (Joh 13:1-5)

- Agtergrond

**Preek:** Jesus betoon naasteliefde (Joh 13:6-35)

- Die boodskap van die was van die voete (Joh 13:6-17)

- Jesus wys sy verraaier aan (Joh 13:18-30)
- Die nuwe gebod – julle moet mekaar liefhê (Joh 13:31-35)
- Jesus voorspel Petrus se verloëning (Joh 13:36-38)

## Johannes 14

DIE SESDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE  
(JOH 14:6)

**Preek:** Jesus gee die Heilige Gees as helper (Joh 14:1-31)

- Die belofte van die hemelse woonplek en gebed (Joh 14:1-14)
- Die belofte van die Voorspraak of spesiale helper wat ons sal bystaan (Joh 14:15-17)
- Die belofte dat Jesus weer sal kom (Joh 14:18-24)
- Die Voorspraak sal die regte insigte bring (Joh 14:25-26)
- Die boodskap van Johannes 14

## Johannes 15

DIE SEWENDE “EK IS”-BEELD: JESUS IS DIE WARE WINGERDSTOK (JOH 15:1, 5)

**Teken:** Jesus is die ware wingerdstok (Joh 15:1-8)

- Agtergrond en boodskap

**Preek:** Jesus verwag naasteliefde (Joh 15:9-27)

- Die opdrag om in liefde teenoor mekaar op te tree (Joh 15:9-17)
- Die verskil tussen wêreldling en dissipel (Joh 15:18-27)

## Johannes 16

**Preek:** Die Voorspraak se hulp aan gelowiges (Joh 16:1-33)

- Die wêreld sal julle haat (Joh 16:1-4)
- Die Voorspraak en die wêreld (Joh 16:5-11)
- Die Voorspraak en die gemeente (Joh 16:12-15)
- Die droefheid is van korte duur maar die blydskap blywend (Joh 16:16-24)
- Die oorwinning is verseker (Joh 16:25-33)

## Johannes 17

**Preek:** Die hoëpriesterlike gebede (Joh 17:1-26)



- Die gebed vir die verheerliking van die Seun (Joh 17:1-5)
- Die gebed vir die bewaring van die dissipels (Joh 17:6-19)
- Die gebed vir die eenheid van die gemeente (Joh 17:20-23)
- Die gebed vir die verheerliking van die gemeente (Joh 17:24-26)

## Johannes 18

**Teken:** Jesus erken dat Hy Jesus van Nasaret is (Joh 18:1-21)

- Agtergrond
- Die verraad en gevangeming (Joh 18:1-11)
- Jesus voor die hoëpriester (Joh 18:12-14)
- Petrus verloën Jesus die eerste keer (Joh 18:15-18)
- Die hoëpriester ondervra Jesus (Joh 18:19-24)
- Petrus verloën Jesus die tweede en die derde keer (Joh 18:25-27)
- Jesus word aan Pilatus oorgelewer (Joh 18:28-32)
- Die verhoor voor Pilatus begin (Joh 18:33-38a)
- Die boodskap van hierdie gedeelte
- Die Jode kies Barabbas (Joh 18:38b-40)

## Johannes 19

**Teken:** Jesus se laaste teken dat Hy die wêreld liefhet (Joh 19:1-42)

- Jesus word gezesel, bespot en deur die Jode verwerp (Joh 19:1-7)
- Die verhoor voor Pilatus word hervat (Joh 19:8-12)
- Jesus word veroordeel (Joh 19:13-16)
- Die kruisiging, sterwe en neerlê in die graf (Joh 19:17-42)
- Die boodskap van die kruis (Joh 19:17-27)
- Jesus sterf (Joh 19:28-30)
- Die spies in Jesus se sy gestee (Joh 19:31-37)
- Jesus word in die graf neergelê (Joh 19:38-42)

## Johannes 20

**Teken:** Jesus se opstanding as laaste teken (Joh 20:1-31)

- Maria Magdalena, Johannes en Petrus (Joh 20:1-10)

**Preek:** Die boodskap van Jesus se opstanding (Joh 20:11-31)

- Die boodskap

**Teken:** Die verskyning aan Maria Magdalena (Joh 20:11-18)

- Agtergrond

**Teken:** Die verskyning aan die dissipels (Joh 20:19-25)

- Agtergrond

**Teken:** Jesus verskyn spesiaal aan Tomas (Joh 20:26-29)

- Agtergrond
- Die boodskap van die Evangelie van Johannes (Joh 20:30-31)

## Johannes 21

Die laaste verskyning van Jesus, en die slotwoorde.

**Teken:** Jesus verskyn weer aan die dissipels by die See van Tiberias (Joh 21:1-14)

- Agtergrond

**Preek:** Petrus, Johannes en die slot (Joh 21:15-25)

- Jesus herstel Petrus in sy amp as dissipel (Joh 21:15-19)
- Jesus en die dissipel vir wie Hy baie lief was (Joh 21:20-23)
- Slot (Joh 21:24-25)

Ek is daarvan oortuig as 'n mens nie die struktuur van die Evangelie van Johannes verstaan nie, sal jy die boodskap ook nie reg verstaan nie. Daarmee saam moet jy kan insien dat die skrywer nie sommer net geskryf het nie, maar dat hy alles soos 'n kunswerk mooi uiteengesit en gestruktureer het.

Johannes wys ook op die dualisme of kontrasdenke waarmee hy werk. Daar is 'n wêreld “daarbo”, wat God se wêreld aandui, en 'n wêreld “daaronder”, wat die mens se wêreld aandui. Die mens word voortdurend opgeroep om van die wêreld “daar Onder” oor te beweeg na die wêreld van “daar Bo”.

## Dualisme

Die “Bo” as God se wêreld word deur die volgende tekste uitgelig:

Johannes se dualisme (kontrasdenke)

Die “Bo” – God se wêreld

(Joh 3:31)	Joh 6:51	Jesus (Joh 3:16)
(Joh 8:23)	Joh 14:2	Joh 1:1-2
(Joh 8:42)	Joh 17:3, 24	Joh 8:58

Die “Onder” – Satan se wêreld (Joh 8:44)

Joh 1:10: Dié wat Jesus nie erken het nie

Joh 7:32: Hulle is gevange geneem

Joh 8:44: Hulle word kinders van die duiwel genoem

Joh 8:47: Hulle luister nie

## God se liefdesplan (sending)

Joh 3:16: “Want so lief het Hy die wêreld gehad”

Jesus die Gestuurde

Joh 5:30: Doen God se wil

Joh 12:49-50: Ken God volkome

Joh 6:38, 39: God se Gestuurde

Joh 12:47: Redding

Jesus het gekom “van Bo na Onder”

Jesus is spesiaal

Joh 10:11: “Ek is” kom sewe keer voor

Joh 1:18: Sy Seun is naby aan die Vader

Joh 1:14: Die Woord het vlees geword

DIE MENS SE REAKSIE:

Joh 3:18, 36: Van die mens word geloof gevra

*(Hierdie skematiese voorstelling het ek by prof Jan van der Watt gesien.)*

Jesus het die wêreld van lig verlaat en vlees geword (Joh 1:14, 1953/1933-vertaling) om God op aarde sigbaar te kom maak. Jesus oorbrug met ander woorde die grense tussen ewigheid en tydelikheid deur sy menswording (Joubert 2012: 205). Geloof in Hom is daarom ook gelyk aan die ewige lewe. Kom ons stel dit ook so: Jesus het aarde toe gekom om mense deur geloof te begelei om in Hom te glo sodat hulle eendag saam met Hom by sy Vader kan wees. Dit is die woonplek waarvan Hy in Johannes 14 praat. Almal wat daarom in Jesus glo, sal nooit sterf nie, al gaan hulle fisies dood (vgl. Joh 11:25-26). Hulle sal opstaan en die ewige lewe beërwe. Hulle sal ook oor “die brug” kan stap van hierdie lewe na die ewige lewe omdat Jesus dit moontlik gemaak het.

## Die beelde in die Evangelie van Johannes wat ons help om die betekenis beter te verstaan

In my doktorsale proefskrif wys ek op die beelde wat in die Evangelie van Johannes voorkom en die betekenis van dié beelde of metafore.


Hierdie beelde dien as nuttige hulpmiddels om die Evangelie te verstaan. Wie die beelde in Johannes nie verstaan nie, sal die boodskap ook nie verstaan nie. Die beelde “vertaal” die dieper betekenis van die Evangelie. Om die Evangelie van Johannes beter te verstaan, word die begrippe “makrobeelde” (groot beelde), “mesobeelde” (middelmatige beelde: Grieks *mesos*) en “mikrobeelde” (klein beelde) gebruik.

Barret meen dat die Christologie die sentrale tema van die Evangelie van Johannes is (Barret 1995: 161). Bultmann sê dit is die Openbaringsgedagte (Bultmann 1986: 159). Ek stem saam met Jan van der Watt wat die begrip “ewige lewe” as die sentrale soteriologiese begrip in die Evangelie van Johannes beskryf (Van der Watt 1986: 158).

As ons byvoorbeeld die gedagte “lewe” skematies voorstel, sou dit so kon lyk:

GOD SE GAWE VAN “BO”?

= Ewige Lewe (Johannes 3:15, 16)



\* Ewige Lewe = “saam met”

\* Begin nou reeds: Johannes 5:24

Johannes 6: 35, 47

**Lewe nou “ewige lewe”**

- Johannes 13:35 - liefde
- Johannes 15:8 - vrug dra
- Johannes 17:18 - gestuurdes

**Hoe is alles moontlik?**

Spesiale helper (Joh 16:7)

- Wys sonde uit (Joh 16:8, 10)
- Voortsetting van die bediening (Joh 16:14)

**Toekoms?**

- Jesus het plek berei (Joh 14:2, 3)
- Opwekking (Joh 6:39, 40)
- Nié uit sy hand ruk (Joh 10:28)

Johannes trek 'n figuurlike parallel tussen wat fisies op aarde gebeur en wat gebeur wanneer 'n mens deel kry aan die ewige lewe. 'n Mens word fisies van "Onder" gebore terwyl die weergeboorte uit God (vgl. Joh 1:13) van "Bo" deur God gedoen word. Die natuurlike geboorte kan jou nie 'n kind van God maak nie. Weergeboorte is deur en deur 'n daad van God. Wie so 'n geboorte van "Bo" deur God ondergaan het, word deel van God se wêreld. Hier kan ons duidelik sien hoe Johannes se dualisme werk. Hy praat van 'n wêreld van "Bo" as God se wêreld en 'n wêreld van "Onder" as Satan se wêreld.

Ons word op aarde gebore, ons eet, ons groei, ons word dors en drink water, ons werk, en in 'n stadium wat God bepaal, gaan ons dood.

In die wêreld van "Bo" word ons weergebore; ons eet eenmaal van die brood van die lewe, ons groei geestelik in 'n intieme verhouding met God, ons dors word geles deur Jesus as die lewende water, ons werk vir God en ons gaan nie dood nie maar lewe vir ewig.

Snackenburg sê hierdie beweging in die mens is deur en deur God se werk (Snackenburg 1984: 176), en as gelowiges weet ons dit maar alte goed.

Johannes gebruik doodgewone dinge soos geboorte, eet, drink, lewe om geestelike sake te verduidelik. In die metafoor "ewige lewe" gaan dit dus om 'n beweging van die bekende sintuiglik waarneembare wêreld na 'n onbekende geestelike wêreld (Breytenbach 1988: 132). Om die brug oor te steek van hier na hierna moet bekende, waarneembare dinge gebruik word om die leser te lei van die bekende na die onbekende. Van der Watt noem dit "oorbruggingsgebeure" (Van der Watt 1984: 179). Maar in hierdie punt van vergelyking lê terselfdertyd die punt van verskil. In sowel die aardse as die ewige lewe gaan dit om die uiteindelijke bestaan. Dit is die punt van vergelyking. Die punt van verskil lê daarin dat die aardse en ewige radikaal van mekaar verskil. Om te eet op aarde moet jy tog fisies lewe. Vir die hemelse of ewige lewe moet daar ook geëet word, maar die punt van verskil tussen die twee lê daarin dat jy vir die ewige lewe net een keer eet, en dan is jy vir altyd versadig. Vir die aardse lewe is kos, wat jy fisies eet, nodig. Vir die ewige lewe is geloof en gehoorsaamheid nodig.

Dit is belangrik om te onderstreep dat die fisiese lewe sy gang gaan tot die dood. Dan is dit die einde. By die dood in die metafoor hierbo word die orde omgeruil. Hier is die dood nie die einde van alles nie, maar juis die begin van lewe, naamlik die ewige lewe.

Ewige lewe is daarom die begrip wat Johannes gebruik vir die Goddelike gawe wat Jesus van “Bo” af vir die mense gebring het, sodat hulle van “Onder” na “Bo” kan oorgaan. Vir die gewone mense van “Onder” is dit noodsaaklik dat hulle in die “Bo” ingebore word deur die Heilige Gees. Dan, en dan alleen, is daar hoop vir die mens.

In Johannes 4 is daar nog ’n voorbeeld wat dit verder verduidelik: die ewige lewe is die makrobeeld, die lewende water die mesobeeld en die borrelende fontein die mikrobeeld.

Johannes se begrip “ewige lewe” is die oorkoepelende gedagte waarom dit gaan. Dit is die einddoel van alles.

Hoe kom jy daar?

Jesus is die Een wat water aan ons kom gee om te drink sodat ons dors vir ewig geles kan word (mesobeeld). Die mikrobeeld is die “hoe” of “wyse” waarop Jesus hierdie lewende water verskaf.

Op dieselfde wyse kan ons met die volgende werk: In Johannes 4:7 is Jesus die lewende water wat vir die mens ewige lewe gee. In Johannes 6:35, 41, 48 en 51, by die vermeerdering van die brood, is Jesus die ewige brood; in Johannes 9:5 en 12:46 die lig; in Johannes 10:7 en 9 die ingang; in Johannes 10:11 en 14 die goeie herder; in Johannes 14:6 die weg, die waarheid en die lewe; en in Johannes 15:1 en 5 die wingerdstok.

Dat dit sewe metafore is, is ook sekerlik nie toevallig nie. Hierdie leerling wat met die Joodse tradisies grootgeword het, het dit so gekies om aan die Evangelie ’n spesifieke betekenis te gee. Al die simbole of beelde word aan die lewe verbind. Met ander woorde, wie in Hom glo, sal die ewige lewe verkry (vgl. Joh 3:16).

## Skrywer en die doel van sy skrywe

Die skrywer was Johannes, die seun van Sebedeus. Dit was hy wat in Johannes 13:23-26 by die ete teen Jesus se bors geleun het. By 'n ete het die mense van destyds op hul linkerelmoog om die tafel aangeleun en met die regterhand geëet. As 'nmens op jou linkerelmoog aanleun, dan praat jy eintlik in die volgende ou se oor. Sê jy iets aan tafel, sou die ou naaste aan jou dit beslis hoor, want jy praat in sy oor.

“Niemand het God ooit gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Joh 1:18, 1953/33-vertaling). Ons kan dit ook vertaal met: Hy “wat die naaste aan sy Vader is” (1983-vertaling).

Met ander woorde, as iemand iets van God die Vader wil weet, vra vir Jesus, want Hy lê met sy oor by God se mond. Hierdie beeld (metafoor) gaan aan en aan. As jy iets by Jesus wil weet, lê met jou oor by die Woord.

Die skrywer Johannes was die dissipel wat tot die einde by Jesus gebly het.

Aan die kruis het Jesus uitgeroep: “Daar is jou moeder”(Joh 19:27), wat na Maria verwys, en aan Maria gesê: “Daar is u seun” (Joh 19:26).

Dié Evangelie is tussen die jare 90 n.C.en 100 n.C. geskryf en heel waarskynlik in Efese naby die eiland Patmos.

Johannes skryf sy Evangelie sodat mense kan glo Jesus is werklik die Christus (vgl. Joh 20:31). Hy skryf aan mense wat reeds tot geloof gekom het en moedig hulle aan om te volhard in hulle geloofslewe. Hy wil met ander woorde die gelowiges versterk in hulle geloof en die ander oproep tot 'n geloofsbeslissing.

Wat ons nie moet vergeet nie, is dat die geloof wat hulle ontvang het, nie deur hulle eie toedoen was nie. Dit is deur en deur 'n gawe van God. Dit is die werk van God deur die Heilige Gees, wat aan mense die gawe van geloof skenk. Dan verskuif hulle van 'n donker wêreld na 'n wêreld van lig, of eintlik na God se ewige lig.



## Die boodskap van die Evangelie van Johannes

Die doel met dié kommentaar oor die Evangelie van Johannes is die volgende:

- Johannes handel nie soos Matteus en die ander Evangelies oor Jesus se die geboorte nie. Matteus vertel die geboorteverhaal van Jesus soos ons dit van kleins af leer ken het. Lukas vertel van die herders. Dan vertel Matteus van die besoek van die wyse manne uit die Ooste, die kindermoord, die vlug na Egipte en die terugkoms uit Egipte. Johannes vertel ons bloot van die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het (vgl. Joh 1:14). Johannes aanvaar ons ken die geskiedenis en val met die deur in die huis. Hy praat met mense wat bereid is om te glo en hulle geloof wil versterk. Daarom moet ons verstaan wat Johannes se doel was met sy Evangelie.
- Johannes wil hê lidmate moet sy Evangelie beter verstaan sodat hulle tot geloof kan kom en dit hulle kan versterk in hulle geloof. Dit bekommer 'n mens soms dat kerke so min aandag daaraan gee om die Woord te bestudeer sodat mense God beter kan leer ken. Soms word van mense 'n groter lojaliteit aan die kerk gevra as aan God. Ons behoort nie die kerk te bemark nie maar 'n intiemer lewe met God te propageer of dalk te begelei. Eerder dit as om te stry oor allerlei leerstellings. Die Reformasie was juis daarteen gekant dat die kerk God se genade ontoeganklik gemaak en versluier het vir die gewone lidmaat. As kerke nie ernstige aandag daaraan gee nie, gaan hulle nie oorleef nie. Johannes wil daarom in die lig van Johannes 20:31 gelowiges versterk in hulle geloof, en ander wat sy Evangelie lees, oproep tot 'n geloofsbeslissing.
- Lidmate moet eers die teologie van die Evangelie van Johannes verstaan en daarna die boodskap wat op elkeen se lewe van toepassing is, voordat ons ernstig kan nadink oor ons kindskap.
- Volgens Johannes 1 tot 21 moet ons ons toespits op ons verhouding met Jesus Christus, wat vernuwing en vreugde in ons lewe wil bring. Ons moet let op die oproep tot weergeboorte of kindskap. Johannes 4

en 7 wys ons op ons sonde en hoe ons daarvan verlos kan word, leer ons iets van Jesus, wat die lewende water en die ware brood is.

Jesus maak ons oë oop sodat ons Hom in ons handel en wandel kan raaksien. Hy is die goeie herder, die ingang na die skaapkraal of ewige lewe en die ware wingerdstok.

- Wanneer Jesus weggaan, gee Hy aan ons die advokaat of Heilige Gees, wat vir ons sal intree en ons saak voor God sal stel.  
Die Heilige Gees sal ons help om in 'n intieme verhouding met God te kan staan. Hy sal ons help om Jesus se verlossingswerk te verstaan. Die Heilige Gees sal ons help om die Woord van God beter te verstaan sodat dit ons lewe kan beïnvloed.
- Gelowiges sal weer bewus word hoe onregverdig Jesus se verhoor was, want dit was nie 'n gewone hofsitting nie maar 'n Gabbata-hof.  
God het deur die onregverdige beskuldigings en verhoor sy liefde aan ons bekend gemaak.
- Op die ou end word Jesus geslaan, onregmatig verhoor, onskuldig bevind en tog gekruisig. Hy staan op uit die dood en bewys Homself as die lewende Here, wat in Johannes 14 beloof het dat Hy vir ons almal – natuurlik dié wat in Hom glo – plek gaan voorberei.
- In Johannes 21, die laaste hoofstuk (wat bygevoeg is), herstel Jesus Petrus in sy amp en gee ons almal opnuut die opdrag om kerk van Jesus Christus te wees.

Werk hierdie boek hoofstuk-vir-hoofstuk deur sodat jy tot 'n verdieping in jou geloofsverhouding én in jou gesinslewe kan kom.

Navorsing deur dr Zander van der Westhuizen het bevind dat 81% van die respondente se ma's die grootste rol in hulle geloofsvorming gespeel het (*Beeld*, 9 Junie 2015, bl. 8). Dit is tog jammer dat 77% sê die kerk is veroordelend en leer hulle weinig van die Bybel.

Kom ons werk daaraan, dan sal die kerk ook weer groei.

Die Evangelie van Johannes

# Die Evangelie van Johannes



# Johannes 1

## PREEK

Johannes se Kersverhaal begin deur te sê die Woord het vlees geword, oftewel Jesus het Mens geword (vgl. Joh 1:1-18)

### **Agtergrond**

“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God” (Joh 1:1). Die woorde “in die begin” verwys na Genesis 1:1, waar die gedig in Genesis 1 ook na God verwys as die outeur wat alles geskep het. In Genesis 1 rym die eerste dag met die vierde dag – lig en die ligte; die tweede dag met die vyfde dag – water en dit wat in die water is; en die derde dag met die sesde dag – aarde en dié wat daarop woon. Hierdie sinne bewoord die onpeilbare wese en werking van God. Die geheimenis word verder verdiep deurdat hy praat van “die Woord” as ’n Goddelike persoon.

Allereers staan die Woord in verhouding tot God (vgl. Joh 1:1), dan in verhouding tot die Skepping (vgl. Joh 1:3), in verhouding tot die mens (vgl. Joh 1:4) en dan ook in verhouding tot die geskiedenis (vgl. Joh 1:14).

Matteus voer die herkoms van Jesus terug na Abraham (vgl. Matt 1:1), terwyl Johannes nie 'n beginpunt van Jesus se herkoms aandui nie. Hy *was voor die tyd daar*. Hy het nie 'n beginpunt of 'n eindpunt nie. Hy het nie ontstaan nie, maar was van altyd af daar. Van ewigheid af was Hy die Woord wat in verhouding tot die Vader, die skepping, die mens en die heilsgeskiedenis gestaan het.

Die Woord, of dan Jesus, soos ons later sal sien, was in 'n verhouding met die Vader van ewigheid af. Hy was nie 'n wese wat onderdanig aan God was nie, omdat Hy self God was.

Jesus was dus net soos sy Vader van ewigheid af daar. Die ewigheid waarna verwys word, was 'n soort Goddelike ewigheidsbestaan (Snackenburg 1984: 232).

Jesus het nie eers bestaan of ontstaan toe Hy mens geword het nie of, nog erger, toe die wêreld geskape is nie. Daar was nie 'n tyd wat Hy nie daar was nie. Hy was soos sy Vader van ewigheid af daar. Hy was, of is, nie aan tyd verbind nie, maar is tydloos. 'n Vooraf bestaanswyse (vgl. Joh 1:1-2). Jesus, of die Woord, het bloot op 'n spesifieke, voorafbepaalde tyd “vlees” geword en onder die mense kom woon.

Hy en sy Vader was ook nie een nie. Hulle is onderskei van mekaar, maar staan in 'n verhouding met mekaar en bestaan van ewigheid af.

Maar die Woord was ook die middelaar tussen die Vader en die skepping.

Sy middelaarsrol het Hy met ander woorde van ewigheid af beoefen. God die Vader het sy skeppingswerk deur Jesus gedoen. Let wel: Johannes sê Jesus was die middelaar in “alles”. Alles beteken ook nie net maar die oppervlakkige dinge van die skepping nie, maar letterlik alles. Dit beteken dat Jesus van ewigheid af intens betrokke is by die onderhouding van die skepping.

In vers 4 begin 'n nuwe strofe van hierdie inleidende gedig. Die verhouding van die Woord tot die mensdom word hier beskryf. Die Woord, of Jesus, se verhouding tot die mens is dat Hy – en Hy alleen – die bron van lewe is (vgl. Joh 1:4). Na sy wese is Hy die lewe en daarom ook die bron van lewe. Alle lewe van alle tye het hulle bestaan te danke aan Jesus as die bron van lewe. En hierdie lewe word ten nouste verbind met die begrip “lig”. Die lewe is

dinamies. Die lewe word soos lig uitgestraal en dit gebeur in 'n verhouding met die Woord, of Jesus. Hierdie lig verwys nie net na “redding” nie, maar ook na lewenslig en lewenskrag in die mens se daaglikse handel en wandel. Jesus as die lewe en die lig skyn in die sondige lewe van mense om hulle lewe te verander en te red. Hierdie lig is dan ook sterker as die duisternis wat dreig om die mens te oorweldig. Die werkwoord wat hier gebruik word, dui eintlik daarop dat die duisternis die mens se lewenslig wil “blus” of “oorweldig”.

Natuurlik is mense voortdurend onwillig om Jesus as die Goddelike lig te aanvaar, en hierdie onwilligheid sal altyd daar wees. Maar Jesus se lig het die duisternis eens en vir altyd aan die kruis oorwin. Want ons moet onthou dat Jesus die “ware lig” is, en geen ander lig kan met Hom vergelyk word nie. Hy is die ware lig wat die hele wêreld verlig. Sy verligting van die wêreld het dus 'n universele werking. Sy lig val op alle mense en alle volke. Sodoende word die hele mensdom met die ware lig, Jesus, gekonfronteer.

In Grieks word die manlike voornaamwoord *auton* gebruik, terwyl die grammatika die onsydige *auto* vereis. Johannes wil hiermee duidelik maak dat hy met *auton* 'n persoon bedoel. En daardie persoon is Jesus Christus.

Vanaf vers 11 word die lig, Jesus, se koms meer pertinent beskryf. Hy het na sy eiendom gekom. Hy het na sy eie mense toe gekom, maar die Jode het Hom nie in hulle huise verwelkom nie. Hulle het Hom uitgesluit. Tog was daar enkele uitsonderings. Daar was mense wat Hom aanvaar en in Hom geglo het, en aan diegene het Jesus die reg of bevoegdheid (*exousia*) gegee om kinders van God te word (vgl. Joh 1:12).

Interessant is dat vers 13 daarop wys dat hierdie kinders nie van “nature” of uit bloed as kinders gebore word nie. Met 'n geestelike geboorte of geboorte “van Bo” speel die wilsbesluit van 'n man en 'n vrou geen rol nie. Die beslissende of bepalende faktor is dat God hulle Vader is. Hulle moet uit God gebore word. Gelowiges wat Jesus volg, moet “van Bo” gebore word.

In vers 14 word met 'n enkele sin die grootste gebeurtenis in die geskiedenis aan ons as Christene meegedeel. “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” Met “Woord” word verwys na dieselfde Woord

wat by God was, en self ook God was, en op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis die bestaanswyse van 'n mens aangeneem het.

Jesus het *sarx* of vlees geword. Daarmee word bedoel dat Hy nie net 'n liggaam van vlees en bloed aangeneem het nie, maar alles wat daarmee saamgaan; behalwe dat Hy nie sondig was of die sonde aangeneem het nie. Hy het nie in sonde verval nie. Sy menslike stryd was erger as wat ons dink. Hy moes stry teen al die menslike sondigheid. Dit maak sy menswording soveel aakliker, maar ook soveel meer van waarde vir ons. Hy het soos ons kom word. In alle opsigte soos ons gelyk. Paulus beaam dit in Romeine 8:3 dat God sy Seun gestuur het in die gestalte van 'n sondige mens. Tog bly Hy terselfdertyd ook God, wat Hy van ewigheid af was, en Jesus, wat nie aan die sonde toegegee het nie.

Dat Hy mens geword en onder ons kom woon het, word verder duidelik gemaak deurdat Hy sy tent onder ons en tussen ons kom opslaan het. Hy het sy blyplek tydelik onder ons kom oprig.

En “ons het sy heerlijkheid gesien” (Joh 1:14). Die “ons” verwys in hierdie geval na die dissipels en sy volgelinge. Die woord “sien” (*theaomai*) beteken om stip na iets te kyk en dan lank na te dink oor wat jy gesien het. Hierdie kyk en weer kyk en nadink oor iets of iemand wat jy gesien het, kry 'n diepe betekenis.

Die woord “heerlikheid” (*doxa*) dui hier in Johannes op die uitstraling van 'n helder lig. Ons sal nog op 'n hele paar ander plekke in die Evangelie van Johannes met die woord “heerlikheid” te doen kry (onder meer Joh 2:11). Omdat God lig is, straal Hy sy heerlijkheid uit oor en na ander. God kon eintlik nie sy heerlijkheid aan die mens toon nie, want niemand sou dit kon hanteer nie. Ons sou verteer word in sy heerlike teenwoordigheid. Daarom kon Hy sy heerlijkheid deur sy Seun, Jesus Christus, aan die mens op aarde bekend stel; en die inhoud van hierdie heerlijkheid is God se verlossing.

Só het God onverdiende genade deur Jesus aan die mens kom betoon. Almal wat tot geloof gekom het, deel in hierdie genade. Of, ons kan ook sê hulle deel in die stroom van genade wat nooit ophou nie.



Dit is wonderlike woorde om te hoor: Ons deel in die stroom van God se genade wat nooit ophou nie.

## Die boodskap van Johannes se Kersverhaal

Dit is ons eerste les. Kom ons doen dit aan die hand van 'n paar vrae:

### **Vraag 1: Van wanneer af was Jesus daar? Het Hy eers ontstaan toe Hy gebore is?**

Jesus het nie ontstaan toe Hy gebore is nie. Lank, lank gelede het die drie-enige God in God die Vader se studeerkamer besluit om iemand uit eie geledere na die mens te stuur.

Die rede was weens God se liefde. Dis wat Paulus noem “onbegrensde liefde”. Ons moet nie eensydig dink dat Jesus gestuur is om as offer vir ons sondes te kom boet nie. Jesus het veel eerder gekom as gevolg van God se liefde vir die mens. Daarom sien ek God ook nie as die groot speurder van die firma “wêreld” nie, maar as die Vader wat ons wil omarm en uit liefde teen sy bors vasdruk.

Jesus was van ewigheid af daar en sal tot in alle ewigheid daar wees. Hy was van ewigheid af by sy Vader. Jesus het nooit enigiets kom prysgee met sy menswording nie, behalwe dat Hy die kleed van menslikheid kom aantrek het om alles van menswees op aarde te kom beleef. Jesus, wat Johannes “die Woord” noem, was van ewigheid af in 'n verhouding met sy Vader, die skepping, die mens en die verlossingsplan.

Met ander woorde, Jesus was van ewigheid af in verskillende verhoudings betrokke: met sy Vader, met die Heilige Gees en met die kosmos.

By sy menswording het Hy geword wat Hy nooit veronderstel was om te wees nie, naamlik 'n mens op grond van hulle liefde vir die mensdom. Saam het Hy en sy Vader besluit Hy sal Hom kom bekleed met die kleed van menswees (*sarx*) ter wille van ons. Dit beteken nie dat Hy sy Goddelikheid verloor het nie. Hy het die menslike baadjie kom aantrek sonder dat Hy Hom skuldig gemaak het aan die sonde. Joubert stel dit mooi wanneer hy sê: “God is nou fisies aanwesig tussen die mense in die persoon van Jesus.

Skepper en geskapenes is meteens op dieselfde terrein as toe Jesus op aarde gearriveer het, en dit sonder dat die meeste mense eens besef wie in hulle midde opgedaag het” (Joubert 2012: 203).

## **Vraag 2: Hoekom het Jesus aarde toe gekom?**

Hy het Hom aan die mensdom kom voorstel toe Hy mens geword het, en die hoofdoel van dié bekendstelling was om die mensdom uit liefde te verlos. Ons mag nie die een beklemtoon ten koste van die ander nie. Dit het gegaan om ’n verlossing uit liefde.

As daar iemand is wat kan vertel wat in die hart van God aangaan, was dit Jesus, want in Johannes 1:18 staan daar dat Jesus die naaste aan die Vader is. In die 1953/1933-vertaling staan daar dat Jesus met sy kop op sy Vader se bors lê. Dit is nog ’n pragtige mesobeeld wat kom van die etes van destyds.

Soos gesê, het die mense destyds om die tafel op hulle linkerelmoog aangelê en met hulle regterhand geëet. As Jesus op sy linkerelmoog gelê het, was Johannes se oor naby Jesus se mond. As Jesus vir iemand anders om die tafel iets sou sê, sou Johannes dit beslis ook gehoor het.

So lê Jesus met sy kop op God se bors en met sy oor naby God se mond. As ek of jy iets van God wil weet, vra dit vir Jesus, want Hy lê met sy kop op God se bors. Hulle het ’n intieme verhouding, en Jesus kan jou vertel wat dink God, en God het gedink om iets aan die verlore mensdom te doen.

Johannes wou die mense ook leer om “hieronder” op te hou lewe in wêreldse denke. Hulle moet daarna streef om die styl aan te leer van mense van “Bo”, en dit is om by God te wees en volgens God se wil te leef. Jesus het die wêreld van lig daarbo verlaat en Hom kom aansluit by die donkerte van die wêreld hieronder.

Hy het dit vrywillig gedoen omdat Hy en sy Vader die mensdom ontsettend liefhet. Hierdie vernedering was vir Hom niks in vergelyking met die verlossing wat Hy vir die mensdom kom bewerk het nie.

Hierdie gedeelte was waarskynlik ’n ou lied wat in vroeë gemeentes gesing is. Een van die hoogtepunte van die lied kan gesien word in vers 9: “Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe.” In die Ou Testament is Jesus verwag, en nou is die Seun van God gebore.

**Vraag 3: Het die mense Jesus aanvaar?**

Hy was nou “in die wêreld” (Joh 1:10) en tog wou die wêreld Hom nie aanvaar nie. Dit is presies wat sonde doen. Sonde maak dat jy Jesus nie raaksien nie. Dit is eintlik onverklaarbaar dat die wêreld Hom nie wou verwelkom nie hoewel Hy na sy eie mense, die Jode, gekom het. Dit is die tragedie dat “sy eie mense Hom nie aangeneem (het) nie” (Joh 1:11). Nie vreemde mense nie, maar sy eie mense. Om iemand nie aan te neem nie, beteken dat jy die persoon herken maar tog verwerp. Goddank, Jesus het nie omgedraai en weggestap nie, anders was dit klaarpraat met ons.

Hulle wou met krag en geweld die lig uitdoof omdat hulle nog mense van hieronder was wat sonder geloof geleef het, en omdat Jesus se Goddelike aard nie sigbaar was in Jesus se fisieke voorkoms nie. Jy het geloofsoë of oë van daar “Bo” nodig om dit raak te sien. Jesus, weer, het God se genade, liefde, goedheid en waarheid weerkaats in sy optrede teenoor die mense en die uiteindelijke daad aan die kruis. ’n Klompie het Hom egter aangeneem, en aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Vir hulle het die lig opgegaan.

Die mense wat tot geloof gekom het, het dit ook nie gedoen omdat hulle uit hulle eie soveel insig gehad het nie.

Dit was weer eens ’n geboorte van “Bo”. God bewerk hierdie geloof in ’n mens se hart sodat jy van die donkerte na die lig kan beweeg. Wat Jesus in der waarheid kom doen het, is om God se lig van “Bo” onder die mense te kom laat skyn sodat hulle die paadjie na die ewigheid helder kan sien. Hierdie pad na die ewigheid loop ek en jy in die geloof, maar ons loop dit eintlik deur aan Jesus vas te hou, want waar Jesus is, is die lig, die weg, die lewe en die ewigheid.

**Vraag 4: Waaruit het Jesus se verheerliking bestaan?**

Sy hele menswees was ’n poging om God se heerlikheid van “Bo” hieronder op aarde te kom wys. Die heerlikheid wat Jesus kom wys het, was nie die heerlikheid van majesteit nie. Op Jesus se lydensweg was daar hier en daar oomblikke van heerlikheid, soos die verheerliking op die berg. Maar hierdie oomblikke van heerlikheid was vir die gewone mense eintlik verborge.

Dit het ook nie sy aardse bestaan gekenmerk nie. Hy het honger gely, was dors, was blootgestel aan versoeking en lyding. Van die heerlikheid was daar dus bitter min by Hom te sien.

Die vraag kan gevra word: “Wat was die heerlikheid van Jesus waarvan Johannes praat?” Dit was doodgewoon sy volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader en sy volmaakte triomf oor die sonde. Sy verheerliking was die heerlikheid van selfontleding ter wille van die wil van God en die heil van die mense. Daarom noem Johannes dit ’n heerlikheid vol genade en waarheid.

Die heerlikheid van Jesus was ook niks anders as die heerlikheid van God self nie. Hy is die openbaring van God. In Jesus het God sy hart kom uitpraat, en die taal wat ons hoor, is positiewe liefdetaal. Jesus laat ons sien hoe God werklik is. God se heerlikheid is onder meer daarin geleë dat Hy Hom inlaat met die mens in sy ellende en Hom blootstel aan die ellende van die mensdom.

God se heerlikheid is nie dat Hy net die skepper en onderhouer is nie, maar dat Hy ook die God van verlossing is. Dit is wat die vleeswording van Jesus ten diepste beteken. Dit is die kern van Kersfees.

As ons hierdie gedeelte verstaan, sal ons weet dat ons hoogste heerlikheid geleë is in ons diepste nederigheid voor God, in ons volstreckte gehoorsaamheid, in ons selfverloëning en in ons oorvloedige liefde.

### **Vraag 5: ’n Kombinasie van vrae**

Beantwoord die vrae wat volg terwyl jy met jou kop op God se bors leun. Dit is ’n baie persoonlike sessie tussen jou en God. Terwyl jy alleen met God praat en na Hom luister, moet jy probeer verstaan dat Hy van ewigheid af daar was en tot in ewigheid daar sal wees. Jou gesprek met Hom nou, gaan Hy nie môre vergeet nie – jy moet ook nie.

- Glo jy dat Jesus die enigste verlosser is?
- Glo jy, en is jy seker, dat Jesus jou verlosser en saligmaker is? Of nee, het jy Jesus as jou persoonlike verlosser aanvaar?
- Wat gaan jy doen om voortdurend oor Hom te dink en na te dink?

Dit is algemene vrae hierdie wat die gewone lidmaat al baie gehoor het, maar nou is dit tyd om daaroor te besin. Jy móét daaroor nadink.

**Vraag 6: Besef jy dat God van ewigheid af betrokke is by sy skepping en dat ons God se agente van hierdie skepping is?**

God het ons ontsettend lief, daarom het Hy Jesus gestuur om ons te oortuig van sy groot liefde.

God se daad en Jesus se koms was die grootste opofferende offer tot nou toe. So, as jy soek, vra vir Jesus, “. . . *who rests forever on the Father's breast and knows Him thoroughly and He alone is able to be the Father's Interpreter*” (Hendriksen 1984: 11).

Lees die voorafgaande weer en weer, en maak seker jy verstaan dit en kan dit in jou eie taal verwoord.

Gaan op jou knieë en sê dankie vir wat Jesus vir jou kom doen het. Skryf die dag en datum in jou dagboek vir jou om te onthou.

Ek kan nie anders nie as om NP van Wyk Louw se gedig “Groot ode”, wat hy in 1962 geskryf, aan te haal:

Nie in die wit paleise nie  
Wou Hy (uit soewereine Wil)  
Tot ons soort staat gebore word:  
Maar, waar die Kuise en die Arme stil  
En buite die hotel se poort  
Verniet losser het in 'n stal  
Het Hy, Visarendtjie van God  
In ons benoude vlees geval . . .  
(Tristia, 1962)



# Johannes 2

## TEKEN

Water word in wyn verander – 'n vrolike bruilof met wyn word gehou in die klein dorpie Kana (Joh 2:1-12)

### **Agtergrond**

Baie geleerdes meen die kern van hierdie gedeelte is dat Hy deur sy optrede sy mag laat blyk het.

Jesus kon tog sekerlik baie ander wonderwerke gedoen het om sy mag te toon. Waarom sou Hy dit doen deur water in wyn te verander? Hy kon eerder, soos Hy dikwels gedoen het, brood aan die hongeriges gegee het. Wyn is 'n luukse. Brood is 'n noodsaaklike lewensmiddel.

'n Mens kan tog sonder wyn lewe, of die meeste van ons, maar ons kan nie sonder brood lewe nie. Sonder brood as stapelvoedsel sterf jy. Wat is die wesenlike betekenis van hierdie gedeelte?

Hierdie wonderwerk het plaasgevind in Kana, 'n klein dorpie in Galilea. Waarskynlik was dit familie van Maria wat getrou het, moontlik 'n broerskind. Maria moes self help met die voorbereidings. Sy het dalk die meeste kos gemaak.

Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof genooi. Die dissipels wat saam met Jesus daar was, moes gelowige getuies wees van die wonderwerk. Josef was reeds dood. Die bruilof was 'n groot gedoente.

Volgens Joodse gebruik het die huweliksplegtigheid sewe dae geduur, indien dit die eerste troue was. Die fees was al 'n rukkie aan die gang toe Jesus en sy dissipels daar opdaag. Hulle was dus 'n bietjie laat. Miskien was dit doelbewus. Toe hulle opdaag, was daar chaos.

Die wyn was op, en dit was 'n groot verleentheid vir die bruidegom. Die bruidegom was in hierdie geval strafbaar volgens die wet. Wyn was destyds die algemene drank wat voorgesit is, en dit was beslis nie, soos sommige beweer, ongegiste druiwesap nie. Navorsing het getoon dat mense van die Nabye-Ooste gegiste sap van 'n verskeidenheid vrugtesoorte wat verdun was met melk of water, gedrink het. Die sappe het vanself gegis as gevolg van die gebrek aan verkoeling en preserveermiddels.

Wyn by 'n bruilof mag net nooit opgeraak het nie!

Die seremoniemeester wat die bruilof moes koördineer, was ook in die moeilikheid.

Maria het dit alles maar te goed besef. Toe sy Jesus sien, hardloop sy na Hom met die dringende versoek dat Hy asseblief moet help. Vir haar, wat gemoeid was met die reëlings, was dit natuurlik ook 'n erge verleentheid. Sommige teoloë meen Maria het haar Seun gevra om 'n wonderwerk te doen, maar dalk het sy bloot Jesus se aandag op haar eie verleentheid gevestig.

Dit is dan dat Jesus haar vreemd antwoord deur te sê: “Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie” (Joh 2:4). Om dít vir jou ma in die destydse Semitiese kultuur te sê, was totaal vreemd. Ons kan selfs sê oneerbiedig, hoewel ons weet Jesus sou nie sy ma oneerbiedig behandel het nie. Hy wou haar eintlik net iets leer. Sy moes weet dat sy maar bloot 'n kind van haar Kind was. Sy kon alleen gered word deur geloof in hierdie Kind van haar.

Maria het dit verstaan, want in Handeling 1:14 is sy aktief werksaam in die kerk van haar Kind.

Wanneer Jesus verwys na sy uur wat nog nie gekom het nie, wil Johannes daarmee beklemtoon dat Jesus se dood regstreeks gekoppel is aan sy uur van verheerliking (Schnackenburg 1984: 330; Joh 12:23, 27, 31; 13:31). Ons moet nie vergeet dat Jesus gekom het om slegs aan die wil van sy Vader te voldoen nie.

Baie kalm vra Jesus hulle om die waterkanne te gaan haal. Daar was ses klipkanne met water, maar dié water is gebruik om die mense se voete te was.

Hierdie 600 *l*kanne was met ander woorde vol water wat gebruik is om voete te was. Onthou die eerste teken van gasvryheid by mense se aankoms by 'n huis is dat hulle voete deur 'n heidense slaaf gewas is. Dit was benede 'n Jood om dit self te doen. Vergelyk Johannes 13 oor dié seremonie.

Dié water verander Jesus in wyn! Die stowwerige vuil water waarin almal se voete afgespoel is, verander Jesus in wyn. En dit was nie druiwesap soos sommige dit graag wil hê nie, maar goeie wyn. Selfs die seremoniemeester wou weet waarom hulle dan die goeie wyn tot laaste hou.

Ons moet ook weet dat Kana nie veel meer was as 'n gomtorplek nie. Daar was sekerlik nie meer as twintig tot dertig mense in daardie dorpie nie. So, hulle het genoeg gedrink.

Hierdie bietjie humor en inligting moet ons nie by die werklike boodskap laat verbykyk nie.

## Die boodskap van die vrolike bruilof in Kana

Dit begin eintlik met Jesus se antwoord aan sy ma, Maria: “Vrou, wat het Ek met u te doen?” (Joh 2:4, 1953/1933-vertaling). Of soos die 1983-vertaling lui: “Waarom sê u dit vir my?”

Die vraag is: Waarom antwoord Jesus sy ma so?

Dit is mos oneerbiedig. En, ons vind hierdie selfde soort taalgebruik in Johannes 19:26 wanneer Jesus vir Maria sê: “Daar is u seun.” Hoe kon Jesus sy ma só aanspreek? Die antwoord lê daarin dat Jesus Maria wil help om haar plek onder die vroue te vind. Sy moes by Jesus leer wie sy regtig is. Tot dusver is sy genoem “geseënd onder die vroue” (Luk 1:42). Begenadigde. Nou moet sy leer om haar plek prys te gee.



Sy moet 'n kind word van haar Kind. Sy moet haar plek as geseënde verruil vir gewone lidmaatskap.

Maria het dit verstaan. Daarom antwoord sy: Net wat Hy vir ons sê moet ons doen. Die orde was eers Maria-Jesus-die dissipels; en nou verander die orde na Jesus-die dissipels-die ander.

In Johannes 19:26 ontvang Maria finaal demissie toe Jesus haar ma sê: “Vrou, dáár is u seun!” en aan sy liefingdissipel, Johannes: “Daar is jou moeder!” (1953/1933-vertaling). Maria moet nou 'n dissipel word. 'n Navolger wat al lerende sal doen en al doende sal leer. Sy het dit gehoor, verstaan en gedoen. Wat 'n voorbeeld! Maar Maria moet nie ook verheerlik word nie. Sy moes bloot besef dat sy alleen gered kan word deur te glo in haar Seun Jesus Christus. Vir haar, en vir ons ook, is dit die enigste pad na die ewige lewe.

Die wonderwerk beteken nie dat ses kanne van 600 lwyn elk toe opgedrink is nie. Die wonder lê daarin dat Jesus hulle verleentheid raakgesien en aan hulle lewensvreugde gegee het.

Werklike lewensvreugde lê nie daarin om 'n nuwe motor of nuwe rok te kry nie. Werklike lewensvreugde lê daarin dat Jesus betrokke raak in die gewone dinge in my lewe. Jesus moet 'n besliste plek in my lewe kry. In alles wat ek doen, moet Hy teenwoordig wees.

Sy teenwoordigheid in my alledaagse lewe bring lewensvreugde en 'n lewensblyheid wat alles oortref.

Okke Jager, die Nederlandse teoloog, het eenkeer gesê: “God rym nie net met gebod nie maar ook met genot.” Christene is, soos Audrey Blignault dit stel, mense met “innerlike vreugde en 'n stralende gelaat”. Johannes 2 is Jesus se jubelende “ja” vir die lewe. En jy kan dit maar probeer. Jesus kán verandering in 'n mens se lewe bring. Hy bring lewensverandering.

Trouens, die nagmaalsformulier sê dit duidelik: “Wie onwaardig by die tafel aansit, eet en drink 'n oordeel oor homself.”

Wat beteken dit?

Doodgewoon dat as ek by die nagmaalstafel aansit en nie glo dat Jesus werklik my lewe kan verander nie, dan drink ek 'n oordeel oor myself.